FEEDTEK

# Tuismeng van veevoere met Feedtek makrovoormengsels

Deur: Ronél Joubert, Feedtek (Pr.Sci.Nat.)

Die hoofdoel van enige veeboerdery is winsgewende produksie van bemarkbare produkte. Voerkoste kan tot 75% van die bedryfskoste van 'n intensiewe veeboerdery beloop en het dus 'n regstreekse invloed op winsgewendheid. Met behulp van die Feedtek-reeks makrovoormengsels is dit eenvoudig om wetenskaplik gebalanseerde veevoere kostedoeltreffend op die plaas te meng.

## Waar pas makrovoormengsels in?

Produsente met ondervinding in die tuismeng van voere is vertroud met die konsep van mikrovoormengsel-pakkies wat spoorminerale, vitamiene, smaakmiddels en soms medikamente bevat. Hierdie mikrovoormengsels maak normaalweg 0.2 tot 0.5% van die totale voermengsel uit. Die ander kritiek belangrike voedingstowwe wat bykomend by die produsent se eie energie- en veselryke grondstowwe gevoeg moet word vir 'n volledig gebalanseerde rantsoen, sluit in kalsium, fosfaat, magnesium, nieproteïen-stikstof- (NPN-) produkte, sout, voerkalk en natuurlike proteïen. Dit is tydrowend om al hierdie verskillende voedingstowwe akkuraat af te weeg en dit maak tuismeng op plaasvlak boonop onnodig gekompliseerd. Makrovoormengsels en hoëproteïenkonsentrate (HPK's) bevat egter reeds hierdie bogenoemde voedingstowwe en skakel dus die individuele aankoop en akkurate afweeg daarvan uit. Anders as in die geval van HPK's, bevat makrovoormengsels geen natuurlike proteïen nie, aangesien laasgenoemde meestal goedkoper self geproduseer of plaaslik aangekoop kan word. Makrovoormengsels maak dus tipies slegs 3 tot 6% van die totale voermengsel uit teenoor die 15 tot 30 % van algemene HPK's. Dit laat dus maksimale ruimte vir die insluiting van plaaslik beskikbare grondstowwe.



## Wat is die voordele van tuismeng?

Buiten die potensiële kostebesparing omdat daar geen addisionele marge op grondstofkoste is nie, is die grootste voordeel van tuismeng dat die boer 100% in beheer is van die roumateriale wat gebruik word, die gehalte daarvan en die korrekte insluiting in die finale voermengsel.
In gevalle waar boere toegang het tot goeie kwaliteit plaaslike grondstowwe of byprodukte teen billike pryse, kan dit maklik deur 'n Feedtek-veekundige by voere ingesluit word. Tuismeng stel ook die boer in staat om spesifieke tekorte of voedingsbehoeftes meer akkuraat op plaasvlak aan te vul met doelgemaakte veevoerformulasies vir spesifieke omstandighede en verlangde produksievlakke. Of dit dus 'n kleinskaalse boer is wat voer meng met 'n graaf op 'n sementvloer, of groter produsente met voermengers of volledig ingerigte mengeenhede, almal het die vermoë om mededingende, gebalanseerde voere op plaasvlak te meng.

## Waarom Feedtek Makrovoormengsels?

- Feedtek-konsentrate bevat alle noodsaaklike mikrobestanddele vir gebalanseerde voere sonder enige draers, vog of vesel.
- Die produkte is hoogs gekonsentreerd, wat vervoerkoste per eenheid voedingstof minimaliseer.
- Dit maak die kleinste moontlike breukdeel van die finale voer uit, wat die boer in staat stel om plaaslik geproduseerde grondstowwe maksimaal te benut en ook die aanpassing van voerformulasies vergemaklik.
- Produkte bevat die nuutste beproefde tegnologie om die produksiepotensiaal van moderne, geneties hoogstaande vee optimaal te ontsluit. Feedtek-produkte word dus gereeld hersien om in pas te bly met wêreldwye ontwikkelings in die veevoerbedryf.
- Al die mikrobestandele is eweredig deur die sak versprei vir uitstekende eenvormige verspreiding deur die finale voer.
- Die sakgroottes is só saamgestel dat 500 kg-mengsels maklik vermeng kan word sonder om mikrobestanddele af te weeg.
- Feedtek-kliënte word ondersteun deur 'n persoonlike en volledige professionele tegniese ondersteuningsdiens.

Die Feedtek-reeks sluit konsentrate in vir alle plaasdiere insluitend kleinvee, vleisbeeste, melkbeeste, varke, pluimvee en wild. Dit was nog nooit so maklik om veevoere self te meng nie!

Kontak u naaste Feedtek-verteenwoordiger vir meer inligting en voorbeelde van veevoerformulasies, besoek ons webtuiste by **www.feedtek.co.za**, of kontak ons by 086 111 5362 of **info@feedtek.co.za**

